KLEINMOND

STRAATWAG / STREET WATCH

kleinmondsw@gmail.com

8ste Algemene Jaarvergadering
8th Annual General Meeting
Donderdag/Thursday 27 Mei/May 2021, 18:00,
Kleinmond Stadsaal/City Hall

NOTULE / MINUTES

1. Verwelkoming / Welcome

Die voorsitter, Johan Toerien, verwelkom almal. Hy gee ’n paar oomblikke vir stilte waarin onder meer gedink word aan mense wat die afgelope tyd verlies ervaar het.

The chairperson, Johan Toerien, welcomes everybody. He allows time for silence in which thoughts are given to those who suffered loss recently.

2. Konstituering / Constituting

2.1 Presensielys en Covid-19 protokol by ingang
Attendance register and Covid-19 protocol at entrance

Die presensielys is op rekord; 70 lede is teenwoordig. / The attendance register is on record; 70 members are present.

2.2 Verskonings ontvang / Apologies received

Verskonings is ontvang van 10 lede. / Apologies were received from 10 members.

3. Notule van die 7de AJV / Minutes of the 7th AGM (27 Oktober/October 2020)

3.1 Korreksies en bywerkings / Corrections and additions

Geen / None.

3.2 Goedkeuring / Approval

Die notule word goedgekeur op voorstel van John Tanton, gesekondeer deur Johan Carstens.

The minutes are approved as proposed by John Tanton and seconded by Johan Carstens.

4. Sake uit die notule / Matters arising from the minutes

Alle sake uit die notule is deur die bestuurskomitee hanteer. / The management committee attended to all matters arising from the minutes.

5. Voorsitter se jaarverslag / Annual report from the chairperson

Die voorsitter, Johan Toerien, hou die jaarverslag aan die vergadering voor en lig die belangrikste punte uit. Dit is volledig beskikbaar op KSW se webwerf.

The chairperson, Johan Toerien, tables the annual report and highlights important topics. The report is on the KSW website.

Die vergadering neem kennis met dank. / The meeting takes cognisance with thanks.

6. Finansiële verslag en begroting / Financial report and budget

Die tesourier, John Tanton, lê die finansiële verslag en begroting ter tafel.

The treasurer, John Tanton, tables the financial report and budget.

Dit word goedgekeur op voorstel van Trix Buckle en gesekondeer deur Jan van der Meulen. / It is approved as proposed by Trix Buckle and seconded by Jan van der Meulen.

7. Aanstelling van ouditeure / Appointment of auditors

Die Bestuurskomitee beveel aan dat Snibbe Accounting weer aangestel word.

The Management Committee proposes the appointment of Snibbe Accounting.

Dit word goedgekeur. / It is approved.

8. Reis-veiligheidswenke / Safety hints while travelling

Johan Badenhorst lewer ’n interessante praaitjie oor sy ervarings rakende veiligheid tydens sy reise in verskillende Afrika-lande.

Johan Badenhorst delivers an interesting talk about his experiences regarding safety on his expeditions through different African countries.

9. Die noodsaaklikheid van patrollies / The necessity of patrols

Jan van der Meulen spreek die vergadering toe oor die noodsaaklikheid van patrollies en die behoefte aan meer vrywilligers om daarmee te help.

Jan van der Meulen addresses the meeting about the necessity of patrols and the need for more volunteers.

10. Kleinmond Spesiale Aanslaggebied / Kleinmond Special Rating Area

Vic Brink lig die vergadering in oor die jongste stand rakende KSAG, herinner eiendomseienaars aan die Eerste Algemene Vergadering wat vir 10 Junie 2021 geskeduleer is en die prosedure om vir lidmaatskap van die KSAG MSW aansoek te doen.

Vic Brink informs the meeting about the latest information regarding KSRA, reminds property owners that die Inaugural General Meeting is scheduled for 10 June 2021 and that there is a procedure to follow to apply for membership for the KSRA NPC.

11. Toekoms van KSW / Future of KSW

Die volgende voorstelle van die Bestuurskomitee dien voor die vergadering: / The following proposals of the Management Committee are tabled:

11.1 Implementering van KSAG

Dit word in die vooruitsig gestel dat KSAG vanaf September 2021 fondse, wat vanaf Julie 2021 as spesiale aanslag op belasbare eiendomme in Kleinmond gehef sal word, sal ontvang.

Die proses rakende die implementering sal dan binne die raamwerk van die begroting kan begin.

Die proses om die beste diensverskaffer(s) aan te stel om die kamerastelsel in installeer, om dit in stand te hou, om die monitering in ’n beheerkamer te doen en om ’n reaksie-span beskikbaar te stel, het reeds begin.

Die installering van kameras, befonds deur KSW het ook reeds begin.

Dit sal tyd neem voordat die stelsel voldoende geïdentifiseerde brandpunte sal kan dek, omdat die kapitaal wat daarvoor nodig sal wees nie dadelik beskikbaar sal wees nie.

Implementing KSRA

If all goes according to plan, KSRA will be receiving funds from September 2021. This will be collected as special rates from owners of rateable properties from July 2021.

The process of implementing KSRA’s work will then begin within the framework of the budget.

The process of appointing a service provider(s) to install and maintain the camera system, to man a control room and to have a reaction team ready has already begun.

The process of installing cameras has also begun, funded by KSW.

It will be some time before the system will be able to cover all the hot spots in the town, as the necessary capital will not immediately be available.

Die vergadering neem kennis. / The meeting takes cognisance.

11.2 Registrasie van inwoners op die databasis van KSW

Aangesien alle eiendomseienaars op die databasis van KSAG sal wees en hulle besonderhede op datum gehou sal word, is dit ’n vraag of inwoners steeds op die databasis van KSW geregistreer moet word.

Die KSW-Bestuurskomitee beveel aan dat die KSW-databasis nie verder uitgebrei word nie, maar mettertyd uitgefaseer word.

Registration of residents on the KSW data base

As all property owners will be on the KSRA data base, and as their details will be kept up to date, it may not be necessary for them to register on the KSW data base.

The KSW management committee therefore proposes that the KSW data base should not be kept up to date and should gradually be phased out.

Goedgekeur / Approved.

11.3 Bydraes tot die fondse van KSW

Aangesien die eienaars van alle belasbare eiendomme in Kleinmond vanaf 1 Julie 2021 aanspreeklik gaan wees vir die betaling van die spesiale aanslag, moet die vraag gevra word of KSW steeds sy lede gaan nader om vrywillige bydraes tot die fondse van KSW te maak.

Die KSW-Bestuurskomitee beveel aan dat lede nie meer vir vrywillige bydraes genader sal word nie, en dat dié wat gereeld bydraes gee, in kennis gestel word dat hulle dit van 31 August 2021 kan staak, sou hulle so verkies.

Contributions to KSW funds

As all rateable property owners will be paying the special rate from 1 July 2021, KSW should consider whether it is fair to ask its members for voluntary donations.

The KSW management committee recommends that members not be asked for donations, and that those who give regularly should be notified of this proposal and that it is up to them whether they continue after 31 August 2021.

Goedgekeur / Approved.

11.4 KSW-patrollies

Daar is tans baie kommer en debat oor hoe om Kleinmond meer weerbaar te maak teen die huidige vlaag van misdaad (veral huisbraak, sommige daarvan huisroof). Die vraag is of die KSW-patrollies moet voortgaan ná die implementering van KSAG.

Die KSW-Bestuurskomitee is van mening dat pogings nou, in samewerking met die SAPD, OM-wetstoepassing en die sekuriteitsmaatskappye verskerp moet word om die huidige uitdaging aan te spreek.

Dit word aanbeveel dat die patrollies vir ten minste vir ’n oorgangstydperk moet voortgaan en dat die koste vir brandstof uit die bestaande fondse van KSW betaal moet word.

KSW patrols

Everyone is worried about the worsening crime situation and there are many discussions regarding the protection of residents against crime (especially against burglaries and robberies). Part of this discussion is whether KSW should continue with its patrols.

The KSW management committee is convinced that all efforts to prevent crime should be increased and that this should be done in cooperation with the SAPS, OM Law Enforcement and security companies.

It therefore proposes that patrols should continue at least during the transition period and that petrol costs should be reimbursed out of existing KSW funds.

Goedgekeur / Approved.

11.5 Installering van kameras

KSW het reeds 50% van die koste vir die eerste stel LPR-kameras (wat tussen Kleinmond en Bettysbaai geplaas sal word) bygedra. Dit is in die vooruitsig gestel om ook ’n aantal statiese AI- en PTZ-kameras op strategiese plekke in die dorp op te rig sodra die KSAG-Raad besluit het wie die diensverskaffer(s) gaan wees. Hierdie sal baie help om die kamera-moniteringsisteem vinniger in bedryf te kry.

Die KSW-Bestuurskomitee beveel aan dat nie meer nie as 50% van sy reserwes hiervoor aangewend word.

Die KSW-Bestuurskomitee beveel aan dat hierdie toerusting aan die KSAG maatskappy sonder winsbejag oorgedra word sodra die implementering in September 2021 begin.

Installation of cameras

KSW contributed 50% of the cost of the first set of LPR cameras (to be placed between Kleinmond and Betty’s Bay). As soon as the service provider(s) have been appointed, a number of AI and PTZ cameras will be installed at strategic spots in the town. This will be of great help in getting the camera monitoring system off the ground.

The KSW management committee recommends that not more than 50% of its reserve funds be used for this purpose.

KSW management committee recommends that this equipment be carried over to the KSRA NPC as soon as it starts its work in September 2021.

Goedgekeur / Approved.

11.6 KSW-Bestuurskomitee

Dit word aanbeveel dat die bestaande KSW-bestuurskomitee met sy wykskoördineerders en gekoöpteerde lede bly voortbestaan vir solank as wat daar ’n behoefte aan aktiewe patrollies is.

Dit word aanbeveel dat die KSW-bestuurskomitee in sy huidige formaat mettertyd uit-gefasseer word en herorganiseer word om binne die raamwerk van ’n ooreenkoms met die KSAG-Raad te opereer, met die fokus alleen op patrollies, sodat onnodige duplisering voorkom kan word.

KSW management committee

It is recommended that the KSW management committee, the area coordinators and co-opted members continue with their tasks as long as there is a need for active patrols.

It is recommended that the current KSW management committee be gradually phased out and then reorganised to operate within a framework of an agreement with the KSRA board, and that they focus on patrols, so that there is no unnecessary duplication of tasks.

Goedgekeur / Approved.

12. Bekragtiging van Wykskoördineerders en gekoöpteerde lede as lede van die KSW-bestuurskomitee

Endorsement of Ward Co-ordinators and co-opted members as members of the KSW Management Committee

Die volgende persone word goedgekeur as lede van die KSW-bestuurskomitee: / The following persons are endorsed as members of the KSW management committee:

Johan Carstens	Heuningkloof	Johan van Zyl	Klein Berlyn
Vic Brink	Berg-Oos	André Pentz	Berg-Wes
Johan Toerien	See-Oos	Jan van der Meulen	See-Wes
Gustave Erlank	Palmiet	Vakant	Noord-Wes/North West
Jan van der Meulen	Patrollie-organiseerder / Patrol organiser		

Sonia Jones	Patrollieskedules (gekoöpteer) / Patrol schedules (co-opted)		
David Peddle	Gekoöpteer/Co-opted	John Tanton	Tesourier / Treasurer

13. Verkiesing van ’n voorsitter en ondervoorsitter
Election of a chairperson and vice-chairperson

Vic Brink neem die voorsitterstoel in en die volgende persone word eenparig verkies: / Vic Brink takes the chair and the following persons are elected unanimously:

Voorsitter / Chairperson: Johan Toerien

Ondervoorsitter / Vice-chairperson: Johan Carstens

14. Algemeen / General

Geen besprekingspunte is vooraf ingedien nie. / No matters for discussion were submitted before the meeting.

15. Afsluiting / Closing

……...	……
Johan Toerien	Vic Brink
Voorsitter / Chairperson	Sekretaris / Secretary

…….
Datum / Date